# WAT WIL U Hê MOET EK DOEN? - HAND 22:1-21

PAULUS SE GETUIENIS
*"Ek is rof en onbeskof!"*
Dit sou niemand ooit van my, Paulus, kon sê nie!
Ek was **'n ordentlike, selfversekerde man** met 'n visie en 'n missie en duidelike doelwitte. Ek is in Tarsus in Silisië gebore. Ek het egter my opleiding in die wet van Moses in Jerusalem ontvang. Die beroemde rabbi Gamaliël was my leermeester. Ek was geleerd en is as Fariseër streng volgens al die tradisies en gebruike van ons voorouers grootgemaak. Van jongs af wou ek net doen wat God van my vra. Ek is 'n Jood wat goed Hebreeus kan praat, maar ook 'n Romeinse burger wat Grieks magtig is.
Toe ek **op 'n dag hoor van** hierdie nuwe spul mense wat in Jesus glo, was ek so kwaad dat ek hulle wreed begin vervolg het. Ek het die mans en vroue wat al hierdie dinge oor Hom geglo het, links en regs laat vang en in die tronk gestop. Ek wou hulle almal uitroei en het dit goedgekeur wanneer van hulle doodgemaak is. Ek het bygestaan toe Stefanus met klippe doodgegooi is. Die hoëpriester en ander leiers van die volk het my skriftelike toestemming gegee om Damaskus toe te gaan om die Christene daar te vang.

**Oppad Damaskus toe** het my lewe ingrypend verander. 'n Helder lig het in die middel van die dag uit die hemel op my geskyn. Toe ek my weer kom kry, lê ek plat op die grond! My voete is onder my uitgeslaan! Toe hoor ek iemand vir my sê: *"Saul, Saul, hoekom is jy besig om my te vervolg?"*
My eerste reaksie was om te vra: *"Wie is U, Here?"*
*"Ek is Jesus van Nasaret,"* kom die antwoord. *"Dit is vir My wat jy vervolg."*
Ek was dus al die tyd verkeerd. Jesus was nie maar net 'n mens en 'n bedrieër soos wat ek geglo het nie. Ek was soos 'n blinde wie se oë skielik oopgegaan het. Al my planne was nou deurmekaar gekrap.
Toe vra ek: *"Wat moet ek doen, Here?"* Op daardie oomblik het ek besef ek kan nie voortgaan met my lewe soos wat dit was nie. My bestaande visie, missie en doelstellings sou nie meer deug nie.
Jesus sou nou moes help. Hy is nie die skurk wat ek gedink het Hy was nie, maar die Here van wie die engel gepraat het en die Koning na wie die sterrekykers gesoek het.
*Spreek, Here, u dienskneg luister ...*
Hy sê toe vir my om dadelik op te staan en Damaskus toe te gaan. Daar sou iemand vir my sê wat om te doen. Ek moes dus geduldig wees. Hy sou Sy wil mettertyd aan my bekend maak. Ek moes net die eerste tree gee… en daarna die volgende … en die volgende … Al kon ek nie die hele pad vooruit sien nie, moes ek Hom maar net tree-vir-tree vertrou. Hy het geweet waarheen Hy met my wou en hoe om daar te kom.
My medereisigers moes my **daarvandaan verder** lei. Dit was vir my wat altyd voor geloop het, nie maklik om my nou te LAAT lei nie, maar vanweë die skerp lig was my oë letterlik blind. As ek nou daaraan terugdink, was dit eintlik simbolies: Ek moes in geestelike sin van vooraf leer sien, noudat Jesus vir my nuwe betekenis gekry het. Ek moes leer om my te laat lei deur Iemand anders.
Daar in Damaskus het Ananias na my gekom en toe het my sig weer teruggekeer. Ek was baie verlig! Ek kon weer sien, maar Ananias se woorde het my ook **'n nuwe visie** van my toekoms en my rol gegee. *"Weet jy,"* het hy gesê, *"die God vir wie ons voorouers ook al gedien het, het 'n spesiale taak vir jou. Hy het jou persoonlik*

*uitgekies sodat jy sy reddingsplan vir die wêreld kan ken. Jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het."*
Vir die eerste keer in my lewe was ek vas oortuig dat Jesus die Seun van God was wat ook vir my sondes gesterf het en dat dit daarom afgewas is. Toe is ek vir die eerste keer gedoop.

Ek is daarna **terug Jerusalem toe**. Daar in die tempel het die Here weer aan my verskyn terwyl ek besig was om te bid. Hy het my beveel om die stad te verlaat. Hy wou my ver daarvandaan onder die heidene gebruik.
So het my lewe 'n hele nuwe wending gekry. Vantevore het ek die Here gedien soos wat EK goedgedink het en met die planne wat EK gemaak het. Van nou af sou ek Hom dien soos wat HY wou. Sy plan was om my te red en my te gebruik as 'n getuie onder die heidene. Dit was nou *my* visie en missie en doelstellings ook.
Dit was 'n **groot uitdaging** en gevolglik kon ek nie anders as om op my knieë te bly nie. Soms het ek ook nog steeds foute gemaak. Dit was 'n pad vol ontberings waarop ek baie gegroei het en ook wonderlike goed beleef het. Ek sou dit nie anders wou gehad het nie! Ek het baie gemeentes op verskillende plekke en in verskillende lande gestig. Dit was wonderlik om my met Iemand soos Jesus en Sy saak te vereenselwig. Daarvoor was geen offer te groot nie.

Geliefdes, niemand van ons hoef vir 'n **Damakuservaring te wag nie**. Daar is nie 'n beter oomblik as hierdie eerste Sondag van 'n nuwe jaar om die vraag ***"Wat moet ek doen, Here?"*** te stel nie. Ek dink dalk ek is goed op koers, baie godsdienstig en hou my met goeie dinge besig. Ek is goed opgelei en geniet baie ondersteuning. Ek het miskien selfs 'n duidelike visie en missie en nuwejaarsvoornemens. Tog sal dit vir almal van ons die moeite loon en is dit noodsaaklik om te vra: ***"Wat moet ek doen, Here?"***
Wat wil U hê moet ek **vanjaar** met my lewe, wat eintlik *U lewe* is, doen? Ek is *dubbeld U eiendom* – U het my geskape en gered. Soos wat ons Kersdag gehoor het: U is my Baas, my Keiser, my Koning, my Beskermheer.
U is ook *die beste Een om my raad te gee*. U is in beheer, op die troon. U het 'n plan waarheen U met die wêreld oppad is. Ek is deel van daardie plan. U bedoel dit met ons goed.
Vir al die **goeie, godsdienstige mense** wat ten spyte daarvan nog nie sekerheid het dat hulle sondes vergewe is nie, sê God vandag: *"Bekeer jou! Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word!"*
En dan wanneer ons dit gedoen het, sal Hy sê: *"Wees lief vir God bo alles en vir jou naaste soos jouself."*
Hy **stuur nie vir almal** soos vir Paulus om die evangelie onder die heidene te gaan verkondig nie, hoewel almal by die uitvoering van hierdie plan betrokke behoort te wees.
Vir meer **spesifieke leiding**, het Hy ons die voorreg gegee om te mag **bid.** Ons kan lang tye op ons knieë met ons vrae en idees en opsies voor Hom deurbring sonder om bang te wees dat ons Hom verveel of vermoei daarmee. Inteendeel, Hy sal ons help om te onderskei waarop dit werklik aankom.
Hy gee ons ook die **Bybel en die Heilige Gees** sodat ons, deur ernstig en op 'n verantwoordelike manier daarmee om te gaan, lig kry op ons vrae.
Hy gee ons **medegelowiges** wat vir ons omgee en vir wie Hy soms gebruik om vir ons goeie raad en leiding te gee. Sommige van hulle het boeke geskryf wat vir ons al baie werd was. Party bied kursusse aan.

Hy sorg dat daar elke Sondag ‘**n erediens** is. Hy is Sondag vir Sondag op ‘n besondere manier hier in die erediens teenwoordig om met ons te praat.
Maar dit sal ook **niks help** ons ken die Here se wil, maar ons *doen dit ni*e. Dan is ons soos die man wat sy huis op sand gebou het. Ons lewenshuis sal nie bly staan as die storm losbreek nie. (Luk 6:46vv; Hand 26:14)
Nee, kom **ons vereenselwig** ons vanjaar weer met die Here en Sy saak. En ‘n mens kan jou nie met die Here en sy saak vereenselwig sonder om ook jou gewig by *die gemeente* in te gooi nie. Moenie ander se foute gebruik as verskoning om nie die erediens by te woon of om nie jou deel in die gemeente te doen nie. Dan staan jy ewe skuldig as hulle. Moet ook nie dat kritiek, probleme en terugslae u ontmoedig, of dat voorspoed en sukses jou van koers af laat beweeg nie.

Kom ons wees almal vanjaar aktiewe medewerkers aan die koms van God se koninkryk, aan die herstel van Eden.
Hy is Immanuel – “God met ons”, en ons is Sy “dienswillige dienaars”!

Amen
04.01.2009